7 WEKE WAT GELOOF LAAT GROEI

Week 5: Ons gee om

DIT IS AL WEEK VYF
Hoe vorder jy?

In die vorige vier weke is ons uitgenooi om as dissipel van Jesus te groei daarin om ...

- ❑ *te onthou* (Om dinge te doen wat my in my alledaagse lewe al meer met die bewussyn van God sal laat leef)
- ❑ *met sagte oë te kyk* (Om God toe te laat om my in die diepste van my menswees te verander sodat ek met God se oë na ander kan leer kyk)
- ❑ *God se se droom te droom* (Om aan te hou droom oor die verskil wat God in hierdie wêreld kan maak – ook deur my)
- ❑ *Godsvrae te vra* (Om met geloofs-onderskeiding te leer leef sodat ek in elke situasie kan onderskei wat nou en hier die regte optrede is).

"WATTER GELOOF" moet groei ?

- ❑ Dit gaan in hierdie Sewe Weke nie oor geloof as inhoudelike kennis nie
- ❑ Dit gaan oor geloof as 'n groeiende verhouding met God en daarom geloof as 'n lewenswyse. Dit gaan oor 'n geloofsverhouding met God wat "wie ek is" (my "being") verander en daarom "hoe ek lewe". (my "doing")

Prayer penetrates the heart we cannot open
Prayer shields those we cannot guard
Prayer teaches where we cannot speak
Prayer comforts where our hearts have no power to soothe

'n Mens kan moeg word van omgee

- Een van die grootste gevare in 'n land en samelewing soos ons s'n is dat 'n mens begin lei aan "compassion fatigue". Die omvang van die nood is so groot. Jy wonder heeltyd hoe die bietjie wat jy doen 'n verskil kan maak. Jy vra soos Andreas in Joh 6:9" wat is dit vir so baie mense?"
- Daarom gee jy iets vir die bedelaar – maar nie omdat jy omgee nie; jy wil net so vinnig as moontlik van hom ontslae raak. Daarom hou jy op om te droom. Daarom raak jy verlam en droog jou kreatiewe denke om saam na oplossings vir die nood te soek, geleidelik op.

Die broodwonder wil ons bemoedig: God kan "meer doen as wat ons bid of dink.."

- In Ef 3:20 loof Paulus vir God omdat Hy *"deur sy krag wat in ons werk magtig is om meer te doen as wat ons bid of dink."* Dit is wat jy in die broodwonder moet hoor: bring maar jou "broodjies en vissies"; hou aan om 'n verskil te probeer maak waar en soos wat dit in jou vermoë is; hou aan met bid; hou aan met omgee ...
- Daar is soveel voorbeelde in ons eie dorp en in ons land van projekte wat honderde en duisende mense oor 'n lang tyd geseën het. Almal het klein begin: met iemand wat net begin het om te doen wat sy en haar hand gevind het om te doen; wat in geloofsonderskeiding en gehoorsaamheid aan die Here net begin doen het wat hy en sy geglo het toe nodig was. Dit was op daardie stadium ook maar net "vyf broodjies en twee vissies". God het dit gebruik om 'n meningte te "voed".

- Daarom: God kan deur wat jy doen, deur wat jy gee, deur jou gebede, deur wie jy is, 'n groter verskil in die wêreld en in ons samelewing maak as wat jy moontlik dink. Jesus sê in Mark 4:26-27 dat die Koninkryk van God dikwels anders kom as wat ons verwag. Ons kan nie die saad laat groei nie – net God kan en belowe Hy sal. Daarom kan en moet ons met verwagting saai. *"Met die Koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei – hoe weet hy self nie"* En in Gal 6:9 sê Paulus: *"Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel."*

Maar dit gaan nie net oor "doen" nie. Dit gaan ook oor "wees". *(In Engels: dit gaan nie net oor my "doing" nie; dit gaan veral oor my "being")*

- Jesus sê in Joh 6:35 "Ek is die Brood van die Lewe". En dan sê Hy in vers 53-57 dat ons as sy dissipels "sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink". Dit is beeldspraak daarvoor dat ek vir God volledig deel van my lewe moet maak, met God moet leef, my lewe moet oopmaak vir God.
- Dan word my eie lewe "brood" vir ander mense: voedsel; versadiging; omgee; ondersteuning. Hoe meer Jesus vir my die Brood van lewe is, hoe meer word my lewe vir ander mense "brood vir hulle lewe".

Choose as much as possible to serve rather than be served.

Whenever possible, seek the common good over your mere private good.

Give preference to those in pain, excluded, or disabled in any way.

Seek just systems and policies over mere charity.

(Uit Richard Rohr, Immortal Diamond, "Twelve ways to practice resurrection now."

Opmerkings van ander oor hierdie Skrifgedeelte

- "All people are profoundly equal in the eye of God, and the reason for our personal good fortune is so that we may build up the lives of others."
- "The role of the disciples - the believers - in this story is not to be just consumers (I presume that they ate, too,) but stewards of the bounty Jesus provided."
- Wanneer hy in sy boek "Celebration of Discipline" oor die geloofgewoonte van "diens" skryf, moedig Richard Foster ons aan om elke dag die volgende gebed te bid: *"Here, bring asb - soos dit vir U goed is - vandag iemand oor my pad vir wie ek kan dien"*